GR. 11 NOVEMBER VRAESTEL 1 MEMORANDUM

AFDELING A: LEESBEGRIP

	TEKS A: ARTIKEL	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	Sielkunde of sy is ‘n “sielkundige navorser”	1
1.2	Sy was ‘n Wiskunde onderwyser	1
1.3	“vasbyt”	1
1.4	C – deurbyt	1
1.5	Om aan te hou en nie op te gee nie OF Om konstant op te tree in aksies om doelwitte te bereik (IETS SOORTGELYKS)	1
1.6	Waarom, volgens jou, is dit belangrik om deursettingsvermoë te hê? Leerder se eie opinie wat SIN MAAK.	1
1.7	Volgens dr. Duckworth is *geen fout permanent nie*. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord Ja of Nee (GEEN PUNT) Leerder se eie opinie wat SIN MAAK.	1
1.8	“…sal hulle aanhou probeer nadat hulle foute gemaak het.”	1
1.9	Jy moet nog steeds hard werk om jou talent te verbeter. / As jy nie hard werk nie, kan talente jou nie suksesvol maak nie. Dit laat jou nie vasbyt of deurdruk nie. Daar is baie mense wat nie by hulle doelstellings hou nie. (ENIGE TWEE FEITE)	2
1.10	Huise waar daar nie baie geld is nie/salaris is min/verdien min geld by jou werk.	1
1.11	Dit is ‘n feit, want dr. Angela Duckworth het ‘n studie gedoen. Die resultate het dus aangedui dat ‘n lae huishoudelike inkomste nie ‘n kind met deursettingsvermoë, kan onderkry nie.	1
1.12	Dr. Angela se studies het bewys dat beide skoolkinders en volwassenes ‘n karaktereienskap naamlik vasbyt, deel.	1
1.13	Intelligensie	1
1.14	Sy studeer in Pennsilvanië, wat in Amerika is.	1
1.15	Verkoopsmense en onderwysers	2
1.16	Huishoudelik – armoede, werkloosheid van ouers, geweld Emosioneel – depressie, groepsdruk Enige iets wat SIN MAAK	2
1.17	Stem jy saam met dr. Duckworth se uitslae? Motiveer jou antwoord Ja of Nee (GEEN PUNT) Leerder se eie opinie wat SIN MAAK.	1

1.18	Jy laat nie toe dan enigiets jou stop of keer om vorentoe te beweeg nie.	1
1.19	Die toekoms	1
1.20	Deur hard te werk, nie maklik op te gee nie, aanhou te probeer. Enige iets wat SIN MAAK.	2
1.21	Wat beteken dit vir jou om suksesvol te wees? Leerder se eie opinie wat SIN MAAK.	1
	TEKS B: VISUELE TEKS	
1.22	Universiteite kry baie aansoeke OF Die aansoeke by universiteite is baie/stroom in (IETS SOORTGELYK)	1
1.23	Wes-Kaap	1
1.24	Sodat hulle hul opsies kan oophou. OF Sodat hulle 'n 'plan B' het indien hulle eerste opsie nie goedgekeur word nie. (IETS SOORTGELYKS)	1
1.25	Tshwane-Universiteit vir Tegnologie	1
1.26	Grafieke is maklik om te lees/Dis vinniger om te lees/Die woorde in grafieke is eenvoudiger om te verstaan as wat dit in teks is. IIETS SOORTGELYKS WAT SIN MAAK.	1

TOTAAL AFDELING A: [30]

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifier.

- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2: WENKE VIR LEERDERS VIR DIE EKSAMEN

Direkte aanhaling	Aanhaling/moontlike verwerking
Die woord "eksamentyd" laat leerders oor die hele land hulle harte vashou. Moenie bekommerd oor jou voorbereiding raak nie, hier is 'n paar wenke wat jou sal help.	Geen wenk nie.
'n Studierooster is die belangrikste item vir jou voorbereiding. **Stel 'n studierooster op wat vir jou genoeg tyd gee om notas te maak en deur eksamenvraestelle te werk.** Dis ook belangrik dat jy vir jouself rustyd gee.	1. Jy moet 'n studierooster vroegtydig opstel.
Dissiplineer jouself teenoor webtuistes, soos YouTube of Facebook. Maak seker dat jy nie meer as 'n halfuur per dag op die internet spandeer nie. Dis maklik wanneer jy aanlyn is, om heeltemal van jou eksamen te vergeet.	2. Spandeer nie meer as 'n halfuur per dag op die internet nie. OF Jy moet jouself teenoor internet-aktiwiteite dissiplineer.
Baie koerante publiseer hierdie tyd van die jaar materiaal wat nuttig vir die eksamen is. **Kyk in die koerante vir studiegidse en vorige eksamenvraestelle.**	3. Kry studiegidse en vorige eksamen-vraestelle van koerante.
Jou brein en liggaam het voeding nodig wanneer jy studeer. **Eet baie vars vrugte en groente.**	4. Maak seker dat jy genoeg vars vrugte en groente eet wanneer jy studeer. OF Jy moet genoeg vars vrugte en groente eet.
Probeer om elke dag 'n bietjie oefening te kry – gaan stap of spring tou. As jy buite kan oefen, is dit nog beter.	5. Oefen elke dag. OF Jy moet elke dag vir 'n tydjie oefen.
Studeer in 'n gerieflike omgewing wat nie te warm of bedompig is nie. Hou die venster oop vir vars lug.	6. Kies 'n gerieflike omgewing om in te studeer. / Maak die venster wyd oop vir vars lug.
Water sal jou help kalmeer en jou gehidreerd hou. **Drink voor die eksamen water.**	7. Drink water voor die eksamen. / Drink genoeg water.

TOTAAL AFDELING B: [10]

AFDELING C: TAAL

	TEKS D: SPOTPRENT	
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	Meneer se woorde is o In hoofletters. OF o In vetdruk OF o Daar is ‘n uitroepteken.	2
3.1.2	Meneer se hand is in ‘n vuis.	1
3.2.1	Meneer se mond is wawyd oop. Meneer se oë/wenkbroue is skeefgetrek of groot.	2
3.2.2	Neelsie se oë lyk asof hy aan die slaap val. OF Neelsie se oë is laag/half toe	1
3.3.1	Hy eet (‘n sjokolade)	1
3.3.2	Neelsie het ‘n skooluniform aan. OF Neelsie sit by ‘n lessenaar.	1
3.4	Meneer sal vir Neelsie uitskel. (‘uitskel’ MOET EEN WOORD WEES)	1
3.5	Lui	1
		[10]
	TEKS E: ADVERTENSIE	
4.1	Dit is in ‘n ander raampie geskryf. / Die font/lettertipe is anders.	1
4.2	Onveilige/Gevaarlike	1
4.3	Daar is baie opwindende dinge op hoezit.com; dus is dit ‘n cool aanlyn-bestemming.	1
4.4	Is die webwerf ‘n veilige omgewing vir jong tieners?	1
4.5	Die Hoezit-webwerf moet deur tieners besoek word.	1
4.6	Afrikaanssprekende (voor)tieners	1
4.7	Hy klim op die leer. / Dit is ‘n egte leer rugsak	1
4.8	Splinternuwe	1
4.9	Afdelinkies	1
4.10	Hoekom, dink jy, is ‘n veilige omgewing op die internet belangrik? Leerder se eie opinie wat SIN MAAK	1
		[10]
	TEKS F: STROKIESPRENT	
5.1	Minste	1
5.2	Babas	1
5.3	Die baba IS DEUR Jannie se ma gevoed.	1

5.4	Die pa vra VIR Jannie OF HY dan geen ambisie het nie.	1
5.5	Het Jannie NOG NOOIT ‘n A gekry nie?	1
5.6	Mond	1
5.7	Kwaadste	1
5.8	Pa HET op sy stoel GESIT en skel.	1
5.9	Goed= ‘stuff’; Ek het baie goed in my kas.	1
5.10	Hy lyk asof hy self min of geen ambisie het nie as jy na sy lyftaal kyk.	1
5.11	Geskokte	1
5.12	Leun	1
5.13	Almal behoort omgekrap oor die rapport te wees.	1
5.14	OMDAT die seun gedruip het, is almal omgekrap. OF Almal is omgekrap omdat die seun gedruip het. OF Omdat die seun gedruip het, is almal omgekrap.	1
	TEKS G: PRENT	
5.15	Springbokspan	1
5.16	Sa. (die punt MOET daar wees)	1
5.17	Suid-Afrikaner	1
5.18	Trofee/Beker	1
5.19	Die arme kaptein sal min tyd vir homself hê.	1
5.20	Die Springbokke het Saterdag teen All Blacks gewen.	1
		[20]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80